Arno Potgieter kort hulp na gru-ongeluk

Jana Oosthuizen

SECUNDA - 'n Ongeluk op Vrydag, 26 Februarie het mnr. Arno Potgieter (22) se lewe onherroepelik verander.

Hy het in Helen Josephstraat gery toe die ongeluk gebeur het en 'n ander voertuig teen sy bakkie vasgery het en hom aan die kant getref het.

Mnr. Potgieter is uit sy bakkie geslinger en 'n deel van die bakkie se enjin het op sy kop geval.

Werkers van 'n wegneemete-plek het gehardloop en gehelp om hom onder die engin uit te kry.

Volgens sy pa, mnr. Steven Potgieter, het sy seun sy nek gebreek en ná vele oorplasings na verskeie staatshospitale, sal mnr. Potgieter (jnr.) nou rehabilitasie moet ontvang.

Hy het nie 'n mediese fonds nie en mnr. Potgieter (snr.) het gesê hy sal sy huis moet inrig om sy seun te akkommodeer.

Mnr. Potgieter (jnr.) is eers in Evander Hospitaal opgeneem en later na Ermelo Hospitaal oorgeplaas waar hy vir 'n skandering moes gaan voordat hy na Evander teruggeneem is.

Mediese personeel by dié hospitaal het glo sy nekstut afgehaal terwyl sy nek steeds gebreek was.

Hy is later weer na Rob Ferreira Hospitaal in Nelspruit oorgeplaas omdat hy 'n nekoperasie moes ondergaan.

Mnr. Potgieter (snr.) het gesê sy seun moes toe vir langer as 'n week in die intensiewe sorg-eenheid van die hospitaal lê om te herstel.

Hy is hierna na Heidelberg Hospitaal oorgeplaas waar hy steeds lê.

Verpleegpersoneel het twee weke gelede gekyk of mnr. Potgieter (jnr.) kan regop sit.

Hy het egter flou geraak en 'n terugslag gehad.

Mnr. Arno Potgieter (22) in die hospitaal nadat hy sy nek gebreek het in 'n ongeluk op Secunda. (Foto: Verskaf)

Mnr. Potgieter (snr.) kan weens die Covid-19 reëls en regulasies, sy seun daagliks net vir 'n halfuur sien.

Hy en sy vrou, me. Sonika Potgieter, glo hul seun is sedert sy geboorte eintlik 'n wonderwerk van die Here, omdat hy as baba erge epileptiese aanvalle gekry het.

"Dit was so erg dat sy hart al 'n paar keer gaan staan het," het mnr. Potgieter (snr.) vertel.

"Dit het so aangegaan totdat hy twee jaar oud geword het, toe het ons hom gevat vir gebed en sedertdien kon ons hom van die epilepsie-medisyne afhaal en het hy nog nooit weer 'n aanval gekry nie."

Mnr. Potgieter (jnr.) was 10 jaar oud toe hy in 'n ongeluk op 'n vierwielmotorfiets'n ernstige besering in sy gesig opgedoen.

Hy het vir twee weke in die hospitaal bly.

As 17-jarige was hy op skool geboelie om vir ander leerders dwelms te koop.

"As hy nie vir hulle dwelms wou koop nie, het hulle hom met 'n sigaretaansteker gebrand," het mnr. Potgieter (snr.) vertel.

"Ek en my vrou het albei voltyds gewerk en nie agtergekom hoe Arno geboelie word nie. Hy het naderhand self dwelms begin gebruik."

Mnr. Potgieter (jnr.) het in dié tyd probeer selfmoord pleeg en me. Potgieter het haar werk gelos om meer aandag aan hom te gee.

Sy het hom na 'n sielkundige vir toetse en evaluering geneem.

Volgens die uitslae, was mnr. Potgieter (jnr) in die verkeerde skool geplaas.

"Volgens die verslag moes hy in 'n tegniese skool gewees het en nie 'n akademiese skool nie.

"Die sielkundige het gesê Arno is baie goed met sy hande en ons het besluit om hom uit die skool te haal en werk in en om die huis te laat doen."

Mnr. Potgieter (jnr.) het voor sy ongeluk vir 'n onderneming op Secunda gewerk en goed gevaar.

"Hy is 'n geliefde en nederige kind en help altyd waar hy kan.

"Hy wil altyd net met sy hande besig wees en dit is vir ons so hartseer dat hy nou miskien nie meer sy hande of bene sal kan gebruik nie.

"Sy hande was altyd stukkend van al die harde, fisiese werk.

"Nou is dit so sag en skoon na langer as 'n maand in die hospitaal."

Mnr. Potgieter (jnr.) is steeds in Heidelberg Hospitaal en verpleegpersoneel laat hom daagliks regop sit, maar hy kan net vir 30 sekondes regop sit dan begin hy duislig raak. Mnr Potgieter (snr.) het op die webwerf, backabuddy, vir sy seun 'n profiel geskep om geld in te samel vir sy herstelproses en om vir hom verdere mediese hulp en nasorg te kan reël.

As jy mnr. Potgieter wil ondersteun, besoek die webwerf https://www.backabuddy.co.za/arno-potgieter-medical of skakel hom by 079 762 5016.

NOTICE OF PUBLIC PARTICIPATION TOWARDS THE CONSOLIDATION OF ENVIRONMENTAL AUTHORISATIONS FOR THE SASOL MINING (PTY) LTD. IMPUMELELO MINE

KENNISGEWING VAN DIE PUBLIEKE DEELNAME PROSES VIR DIE KONSOLIDASIE VAN DIE OMGEWINGSMAGTIGINGS VAN DIE SASOL MYNBOU (EDMS) BPK. IMPUMELELO STEENKOOLMYN

(DMR reference number: MP30/5/1/2/3/2/1(138) EM)

In terms of the requirements of the Mineral and Petroleum Resource Development Act, 2002 (Act 28 of 2002) (MPRDA), the National Environmental Management Act, 1998 (Act no 107 of 1998) (NEMA), and the National Water Act, 1998 (Act 36 of 1998) (NWA), as well as the regulations and guidelines under these acts, all Interested and Affected Parties (I&APs) are encouraged and allowed the opportunity to participate in environmental governance.

Sasol Mining (Pty) Ltd's Impumelelo Mine is an existing coal mining operation situated 45 km to the south-west of Secunda; 20 km east of Greylingstad and 60 km north-west of Standerton in the Mpumalanga Highveld. The Impumelelo Mine, therefore, also falls within the jurisdiction of the Gert Sibande District Municipality. Sasol Mining (Pty) Ltd. wishes to consolidate their existing (approved) authorisations in line with the approved Mining Right.

Sasol Mining (Pty) Ltd. has therefore compiled a consolidated Environmental Impact Report (EIR) and Environmental Management Programme Report (EMPR) in line with the latest requirements of both the MPRDA and the NEMA, and intends to submit this document to the Department of Mineral Resources for approval. Further Sasol Mining (Pty) Ltd is in the process of also consolidating their existing (approved) Water Use Licences into a single document and will be seeking approval thereof from the Department of Water and Sanitation.

Availability of EIR and EMPR for public comment:
The Draft EIR and EMPR will be made available to the public for review for a period of thirty (30) days from 09 April 2021 to 11May 2021. Hard copies of the document will be made available at the Sasol Mining (Pty) Ltd. Impumelelo Mine security office and the Val Hotel. An electronic copy of the document will be available at www.cleanstream.co.za. A register and comment sheet will accompany the documents at the public viewing stations. Please complete the register subsequent to reviewing the document. Alternatively e-mail your comments to Clean Stream Environmental Consultants (Pty) Ltd. (details provided below).

Comments on Water Uses / consolidation of Water Use Licences:
Should you have any specific comments on Water Uses or the use of water by the Impumelelo Mine, these can also be addressed to Clean Stream Environmental Consultants (Pty) Ltd. (details provided below), within 60 days of the date of this notice.

I&AP register:
In order to ensure that you are identified as an I&AP, please submit your name, contact information and interest in the project to the contact person listed below within 30 days of the publication of this advertisement.

A background information document is available from Clean Stream Environmental Consultants upon request

Ingevolge die Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleum Hulpbronne, 2002 (Wet 28 van 2002) (WOMP), die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998) (NOBW) en die Nasionale Water Wet, 1998 (Wet 36 van 1998) (NWW), sowel as die Regulasies en riglyne onder hierdie Wette, moet alle Belanghebbende en Geaffekteerde Partye (B&GP) aangemoedig word en die geleentheid gebied word om deel te neem aan die wetlike bestuur van die omgewing.

Sasol Mynbou (EDMS) BPK. se Impumelelo Steenkoolmyn is 'n bestaande steenkool mynbedryf geleë 45 km suidwes vanaf Secunda; 20 km oos vanaf Greylingstad en 60 km noordwes vanaf Standerton in die Mpumalanga Hoëveld. Die Impumelelo Steenkoolmyn is dus geleë in die regsgebied van die Gert Sibande Distriks Munisipaliteit. Sasol Mynbou (EDMS) BPK. wil hulle bestaande (goedgekeurde) omgewings magtigings konsolideer in ooreenstemming met hulle goedgekeurde Mynbou Reg.

Sasol Mynbou (EDMS) BPK het dus 'n gekonsolideerde Omgewingsimpakstudie (OIS) en Omgewingsbestuurs program (OBP) saamgesteling ingevolge die nuutste vereistes van beide die Wet op WOMP en die NOBW, en beplan om die dokument by die Departement van Minerale Hulpbronne in te handig vir goedkeuring. Sasol Mynbou (EDMS) BPK is ook in die proses om hulle bestaande (goedgekeurde) Water Gebruiks Lisensies te konsolideer, en vir goedkeuring daarvan aansoek to doen by die Departement van Water en Sanitasie.

Beskikbaarheid van die OIS en OBP vir publieke kommentaar:
Die konsep OIS en OBP sal beskikbaar gemaak word vir publieke kommentaar vir 'n tydperk van dertig (30) dae, vanaf 09 April 2017 tot 11 Mei 2021. Gedrukte kopieë van die dokument sal beskikbaar gestel word by die Sasol Mynbou (EDMS) BPK. Impumelelo Myn sekuriteitskantoor, en by die Val Hotel. 'n Elektroniese kopie van die dokument sal beskikbaar gemaak word op www.cleanstream.co.za. 'n Register en kommentaarblad sal die dokumente vergesel by die voor afgenoemde publieke besigtigings bestemmings. Voltooi asseblief die register nadat u die dokumente nagegaan het. Alternatiewelik kan die kommentaar ook per e-pos gestuur word aan Clean Stream Environmental Consultants (EDMS) BPK (kontak besonderhede hier onder ingesluit).

Kommentaar op die Water Gebruike / Konsolidasie van die Water Gebruiks Lisensie:
As u enige spesifieke kommentaar op die Water Gebruike of op die gebruik van water deur Sasol Mynbou (EDMS) BPK se Impumelelo Myn het, kan die kommentaar na Clean Stream Environmental Consultants (EDMS) BPK gestuur word. (kontak besonderhede hier onder ingesluit) binne 60 dae van die datum van hierdie kennisgewing.

Register van Belanghebbende en Geaffekteerde Partye:
Om te verseker dat u as B&GP geregistreer word, verskaf asseblief u naam, kontak besonderhede en u belang in die projek aan die kontak persoon hier onder binne 30 dae na publikasie van hierdie kennisgewing.

'n Agtergrond inligtingsdokument is beskikbaar van Clean Stream Environmental Consultants (EDMS) BPK op aanvraag.

Contact details / Kontakbesonderhede:
Environmental assessment practitioner / Omgewingsimpakbepalingspraktisyn: Clean Stream Environmental Consultants(Pty) Ltd.
Contact person / Kontak persoon / : Natalie Lubbe / Blanché Postma
Post / Pos: P.O. Box 32201, Glenstantia, 0010
Tel: 012-993 5988
Email / E-pos: natalie@cleanstream.co.za/ blanche@cleanstream.co.za

CLEAN STREAM Environmental Consultants cc

sasol